

Donderdag 26 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 2:41-52

Fokusgedeelte: Lukas 2:52

Jesus Christus as langverwagte Koning groei op

Die enigste vers wat Jesus Christus as Seun van God, Seun van die mens se lewe verbind van sy 12de tot 30ste jaar, is vers 52. Hierdie vers wys terug na Jesus Christus se lewe voor sy 12de jaar, naamlik: “Die Kindjie het gegroei en sterk geword en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom” (Luk. 2:40).

Die Hemelse Vader het sy Seun voorberei vir sy taak. Hy is die tweede Adam wat moes kom herstel het wat die eerste Adam verbrou het. Sy Vader het Hom ryklik geseën en begenadig. Hy het Hom bygestaan en laat opvoed deur sy aardse ouers. Hy is slegs vir hulle geleen. As aardse ouers is ons kinders net vir ons geleen. Die Here bly Eenaar.

Jesus Christus as tweede Adam het as't ware Beeld kom wys hoe die Vader Hom laat opvoed het. Dit word vir ons vasgevat in vers 52: “En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.”

Dit is belangrik dat hierdie vier aspekte raakgesien word, want dit is die vier aspekte wat die tydperk tussen 12 en 30 jaar uitspel. So staan Jesus Christus in verhouding tot Homself, sy Vader en die mense om Hom. In sy verhouding tot Homself is daar twee aspekte ter sprake, naamlik sy verstandelike groei in sy opvoeding, maar ook sy liggaamlike groei. In die toepassing hiervan moet ons ook ons kinders opvoed ten opsigte van hulle wysheid (verstand) en liggaamlik. Dit geskied deur Jesus Christus wat ons tot alles in staat stel deur sy Gees (Fil. 4:13).

Die volgende twee aspekte is die verhouding tot Jesus se Vader. Dit is die belangrikste, naamlik dat Hy en sy Vader Een is. Hy het in guns gegroei met sy Vader. Hy het verder in guns gegroei in sy verhouding tot die mense. Toegepas is dit dat kinders in die eerste plek kinders van God is kragtens sy genade. Die belangrikste is om in die genade van God te leef as 'n grypende gegrypte om God bo alles lief te hê en ook jou naaste soos jousef. Om daardie guns ter sprake ten opsigte van die naaste uit te leef, moet ons mekaar aanvaar soos Christus jou aanvaar het (Rom. 15:7).

Mag ons wat Christus navolg as Beeld van God in die regte verhouding wees met God, jousef en jou naaste.

Sing: Psalm 89-1:7

Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)